basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V1

## NOVEMBER 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglynbestaan uit 28 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.

2. AFDELING A en B is VERPLIGTEND.

3. AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C of D of E).

4. Skryf al die musieknotasie in AFDELING A met potlood en al die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.

5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag hierdie bladsy verwyder.

8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hul antwoorde te gee.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

**NASIENROOSTER**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| **A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)** | 1 | 20 | | |
| | 2 | 15 | | |
| | 3 | 10 | | |
| | 4 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **60** | | |

**EN**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND)** | 5 | 20 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **20** | | |

**EN**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **C: WKM** | 6 | 10 | | |
| | 7 | 5 | | |
| | 8 | 5 | | |
| | 9 | 5 | | |
| | 10 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

**OF**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **D: JAZZ** | 11 | 10 | | |
| | 12 | 5 | | |
| | 13 | 5 | | |
| | 14 | 5 | | |
| | 15 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

**OF**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **E: IAM** | 16 | 10 | | |
| | 17 | 5 | | |
| | 18 | 5 | | |
| | 19 | 5 | | |
| | 20 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **GROOTTOTAAL** | **120** | | |

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND) (90 minute)**

**Beantwoord VRAAG 1
EN VRAAG 2.1 OF 2.2
EN VRAAG 3.1 OF 3.2
EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

**VRAAG 1 (25 minute)**

Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.



1.1 Noem die submediant-mineurtoonsoort van hierdie stuk:

**Antwoord:** F (mineur) *1 punt* (1)

1.2 Noem die verwante dominanttoonsoort van hierdie stuk:

**Antwoord:** $E^b$ (majeur) *1 punt* (1)

1.3 Noem die intervalle by **(a)** en **(b)** volgens tipe en afstand.

**Antwoord:**

(a) Saamgestelde rein (volmaakte) 5$^{de}$/Rein 12$^{de}$
(b) Mineur 3$^{de}$

*(a) 1x1 = 1 punt*
*(b) 1x1 = 1 punt*
*Geen ½ punte* (2)

1.4 Transponeer die basparty van maat 1 by **X** 'n rein 5$^{de}$ laer. Voeg 'n nuwe toonsoortteken by.

**Antwoord:**



*Korrekte toonsoortteken = 1 punt*
*Notasie: Minus ½ punt per fout = 2 punte*
*Geen punt word afgetrek vir die ontbrekende tydmaatteken nie* (3)

1.5 Beskryf die drieklanke by **(c)** en **(d)** volgens tipe en posisie.

**Antwoord:**

(c) Mineur, Eerste omkering *2x½ = 1 punt*
(d) Mineur, Grondposisie *2x½ = 1 punt* (2)

1.6 Halveer die nootwaardes en herskryf die bassleutelparty by **Y** in maat 4. Voeg 'n nuwe tydmaatteken by.

**Antwoord:**



OF




| | |
|---|---|
| *Tydmaatteken* | *= 1 punt* |
| *Notasie* | *= Minus ½ punt per fout = 2 punte* |

(3)

Kopiereg voorbehou 

1.7 Voltooi die melodie hieronder deur stygende sekwense te skryf soos aangedui.

**Antwoord:**




| |
|---|
| *Motief A = 2 punte*<br>*Motief B = 2 punte*<br>*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte per sekwens.*<br>*(Sekwense wat op ander note begin kan ook korrek wees)* |

(4)

1.8 Kies die toonleer/modus waarop ELK van die volgende TWEE uittreksels gebaseer is. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

1.8.1 **Antwoord:** Doriese modus *1 punt* (1)

1.8.2 **Antwoord:** Heeltoontoonleer *1 punt* (1)

1.9 Skryf die F# melodiese mineurtoonleer op- en afgaande sonder 'n toonsoortteken in die gegewe sleutel. Gebruik net heelnote en dui die halftone aan.

**Antwoord:**



| |
|---|
| *Opgaande = 1 punt*<br>*Afgaande = 1 punt*<br>*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 1 punt vir die opgaande en 1 punt vir die afgaande toonleer*<br>*Minus ½ punt indien met toonsoortteken geskryf* |


(2)
**[20]**

**VRAAG 2** **(25 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 2.1 ÓF VRAAG 2.2.**

2.1 Voltooi die aanvangsmate hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiese- en artikulasie-aanduidings, waar van toepassing, in.


**Konsepantwoord:** Instrument: Saksofoon/Klarinet/Trompet/Viool/Fluit/Hobo/Horing, ens.




**OF**

2.2 Voltooi die aanvangsmate hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiese- en artikulasie-aanduidings, waar van toepassing, in.

**Konsepantwoord:** Instrument: Saksofoon/Klarinet/Trompet/Viool/Fluit/Hobo/Horing, ens.




Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | *1 punt per frase x 3* | | 3 |
| **Korrektheid**<br>Nootstele, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring, uitleg | *Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte* | | 2 |
| **Kwaliteit**<br>- Kwaliteit van melodie en toepaslikheid vir die gekose instrument<br>- Toepaslikheid van tempo, artikulasie en dinamiese aanduidings verhoog die kwaliteit van die antwoord<br>- Musikaliteit | 9–10 | ***Uitstekend***<br>*Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van tonaliteit; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme* | 10 |
| | 7–8 | ***Goed***<br>*Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele tonaliteit; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat* | |
| | 4–6 | ***Gemiddeld***<br>*Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; aanvangsmotief nie goed gebruik; tonaliteit onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos* | |
| | 0–3 | ***Onaanvaarbaar***<br>*Geen musikale singewing; frases maak nie sin nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen tonale sin; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme onsamehangend* | |
| **TOTAAL** | *Nasieners mag ½ punte gebruik* | | **15** |


**[15]**


**VRAAG 3** **(10 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

**Antwoord:**







Toonsoort: A: V vi
Kadens: Onderbroke/Bedrieglike kadens

3.1.1 Noem die nuwe toonsoort waarheen die stuk in maat 5–8 moduleer. Skryf die antwoord op die partituur.

**Antwoord:** Sien partituur | *1 punt* | (1)

3.1.2 Besyfer die akkoorde by **(a)**–**(e)** met Romeinse syfers op die partituur, bv. $iii^6$/iiib.

**Antwoord:** Sien partituur

| |
|---|
| *1 punt per akkoord = 5 punte*<br>*Minus ½ punt vir elke fout t.o.v. posisie* |

(5)

3.1.3 Identifiseer die kadens by **(f)** in maat 12–13 op die partituur. Dui die toonsoort aan en besyfer die akkoorde met Romeinse syfers.

**Antwoord:** Sien partituur

| | |
|---|---|
| *½ punt vir die toonsoort*<br>*½ punt vir die kadens*<br>*½ punt per akkoord = 1* | *= 2 punte* |

(2)

3.1.4 Noem die tipe nie-akkoordnote by **(i)** en **(ii)**.

**Antwoord:** (i) Deurgangsnoot *= 1 punt*
(ii) Hulpnoot/Wisselnoot *= 1 punt* (2)

**[10]**

**OF**

3.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg

**Antwoord:**




Kadens: Volmaakte kadens

3.2.1 Identifiseer die akkoorde **(a)**–**(e)** en skryf die akkoordsimbole in die spasies wat daarvoor op die partituur verskaf is, bv. $B^b$/D.

**Antwoord:** Sien partituur

| |
|---|
| *1 punt per akkoord = 5 punte<br>Minus ½ punt vir elke fout t.o.v. posisie<br>Geen Romeinse syfers word aanvaar nie* |

(5)

3.2.2 Noem die tipes nie-akkoordnote by **(i)**–**(iii)**.

**Antwoord:**

| | | |
|---|---|---|
| (i) | Terughouding | *= 1 punt* |
| (ii) | Hulpnoot/Wisselnoot | *= 1 punt* |
| (iii) | Deurgangsnoot | *= 1 punt* |

(3)

3.2.3 Identifiseer die kadens wat in maat 12–13 op die partituur gevorm word. Dui die akkoordsimbole by **(f)** en **(g)** aan.

**Antwoord:** Volmaakte kadens E - $A^{add2}$ (of $A^9$)

| | |
|---|---|
| *Kadens = 1 punt<br>Elke akkoordsimbool = ½ punt* | *= 2 punte* |


(2)
**[10]**


**VRAAG 4** **(30 minute)**

**Antwoord ÓF VRAAG 4.1 ÓF VRAAG 4.2.**

4.1 Voltooi die vokale vierstemmige harmonisasie hieronder deur 'n alt-, tenoor- en basparty by te voeg.

**Konsepantwoord:**




Die harmonisasie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:


| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | |
|---|---|---|
| **Akkoordprogressie**<br>Akkoordkeuse, korrekte kadens | *1 punt tussen elke paar akkoorde (behalwe tussen maat 4, 5 en 8)* | **12** |
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering | *Minus ½ punt per fout maar nie meer as 1 punt per akkoord nie* | **14** |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit bv.gebruik van kadensiële $^6/_4$ en deurgangs $^6/_4$ progressies | *Uitstekend = 3½–4 punte*<br>*Goed = 2½–3 punte*<br>*Gemiddeld = 1½–2 punte*<br>*Swak = 0–1 punt* | **4** |
| | *Nota aan die nasiener:*<br>*Punt uit 30 moet nie 'n ½ punt bevat nie* | **30**<br>**(÷ 2)** |
| **TOTAAL** | | **15** |


*Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Besyfering dien as 'n riglyn, maar geen punte word vir die simbole as sodanig toegeken nie.*

**OF**

4.2 Voltooi die stuk hieronder deur toepaslike harmoniese materiaal in die oop spasies op die notebalk by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 en 2 voorgestel word.

**Konsepantwoord:**




Die harmonisasie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | |
|---|---|---|
| **Akkoordprogressie**<br>Akkoordkeuse, korrekte kadens | *1 punt tussen elke paar akkoorde* | **14** |
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering | *Minus ½ punt per fout maar nie meer as 1 punt per akkoord nie* | **12** |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit bv. gebruik van kadensiële $^{6}/_{4}$ en deurgangs $^{6}/_{4}$ progressies | *Uitstekend = 3½–4 punte*<br>*Goed = 2½–3 punte*<br>*Gemiddeld = 1½–2 punte*<br>*Swak = 0–1 punt* | **4** |
| | *Nota aan die nasiener:*<br>*Punt uit 30 moet nie 'n ½ punt bevat nie* | **30**<br>**(÷ 2)** |
| **TOTAAL** | | **15** |

*Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Besyfering dien as 'n riglyn, maar geen punte word vir die simbole as sodanig toegeken nie.*

**TOTAAL AFDELING A: 60**

**AFDELINGS B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)**

**Antwoord AFDELING B**
**EN AFDELING C (Westerse Kunsmusiek)**
**OF AFDELING D (Jazz)**
**OF AFDELING E (Inheemse Afrikamusiek).**

| |
|---|
| *Nota aan die nasiener: Een punt word toegeken vir elke korrekte feit. Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte feit wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Afgesien vir die feit dat hierdie nasienriglyn in puntvorm opgestel is, word dit van die kandidaat verwag, waar verlang, om in paragraaf-/opstelformaat te antwoord.* |

**AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | 5.1.1 | B | |
| | 5.1.2 | C | |
| | 5.1.3 | D | |
| | 5.1.4 | B | |
| | 5.1.5 | D | |
| | 5.1.6 | D | |
| | 5.1.7 | D | |
| | 5.1.8 | B | |
| | 5.1.9 | C | |
| | 5.1.10 | B | (10) |
| 5.2 | 5.2.1 | B | |
| | 5.2.2 | A | |
| | 5.2.3 | E | |
| | 5.2.4 | C | |
| | 5.2.5 | D | |

*VYF korrekte antwoorde = 5 punte* (5)

5.3
- Liedjieskrywer/komponis
- Uitvoerende kunstenaar/sanger/orkeslid/sessie-musikant
- Klankingenieur
- Regisseur
- Opname-ingenieur
- Vervaardiger/opnamemaatskappy
- Verwerker
- Liriekskrywer

*Enige VYF korrekte antwoorde = 5 punte* (5)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**Beantwoord AFDELING C (WKM)
OF AFDELING D (JAZZ)
OF AFDELING E (IAM).**

## AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

### VRAAG 6

6.1
- Klarinet
- Franse Horing
- Trompet

*TWEE korrekte antwoorde = 2 punte* (2)

6.2 Klarinet *1 punt* (1)

6.3 Twee *= ½ punt*
Timpani/Keteltromme *= ½ punt* (1)

6.4

| | Kodetta | Koda |
|---|---|---|
| **Waar in die werk** | • Gevind aan die einde van die uiteensetting | • Gevind aan die einde van die heruiteensetting |
| **Toonsoort** | • Eindig in 'n verwante toonsoort | • Eindig in die tonika-toonsoort |
| **Funksie** | • Stertjie wat aangelas word om die uiteensetting netjies mee af te sluit | • Groter afsluitingsgedeelte om die beweging mee af te rond |
| **Lengte** | • Gewoonlik 'n korterige deel | • Kan kort wees maar is meer dikwels 'n uitgebreide afsluiting |
| **Strukturele funksie** | • Gewoonlik in die vorm van 'n uitgebreide (herhaalde) kadens in die nuwe toonsoort | • Nuwe materiaal of verdere ontwikkeling van reeds bestaande materiaal wat eindig met 'n uitgebreide kadens |

*Enige DRIE korrekte verbandhoudende verskille = 3 punte
(Kandidate mag in tabelformaat antwoord)* (3)

6.5 6.5.1 Staccato *of*  *of*  *1 punt* (1)

6.5.2 Fermata *of*  *of*  *1 punt* (1)

6.5.3 Simbool: *< of > of ^ of sf of subito f of sfz of rfz* *1 punt* (1)

**[10]**

**VRAAG 7**

7.1 *In Diesen Heil'gen Hallen/In Hierdie Heilige Sale/Within these Hallowed Halls* *1 punt* (1)

7.2
- Gesing deur Sarastro – 'n simbool van die goeie
- Basstem – beklemtoon sy stabiele houding/invloed
- Tweede Bedryf – skerp kontras met die Koningin van die Nag se wraaksugtige tweede aria
- Redelike stadige tempo: *Larghetto* – om die 'heiligheid' van die tempel te beklemtoon
- Toonsoort: E majeur – om 'n positiewe, gerusstellende atmosfeer te skep
- Vorm: 2 verse – eenvoudige vorm beklemtoon kalmte en stabiele stemming
- Gebruik van melismas
- Atmosfeer: ernstig, kalm en gerusstellend
- Sarastro sing van liefde, pligsbesef en vergifnis – ideale van die broedergemeenskap
- Instrumentasie: 2 fluite, 2 fagotte, 2 horings, strykerseksie

*VIER korrekte feite = 4 punte*
*Minus 1 punt vir geen paragraafformaat* (4)

**[5]**

**VRAAG 8**

- Stel die uitleg van die standaard Klassieke orkes vas
- Die standaard Klassieke orkes word in vier instrument groepe verdeel
- Elke seksie van die orkes het 'n unieke rol
- Groot strykerseksie speel meestal die hoofmelodie
- Dubbel houtblasers (uitgesluit die klarinet) vervul 'n bindende/vullende rol
- Houtblaas as melodiese instrumente
- Beperkte rol deur koperblasers en perkussie (twee timpani) vertolk in veral *ff*-gedeeltes
- Weggedoen met basso continuo
- Die basparty gee ‘n sterker voorwaartse ritmiese dryfkrag
- Franse horing dien as harmoniese verbindingsmiddel
- Stel die struktuur vir die vierbeweging-simfonie bekend
- Uitvoeringstegnieke word ontwikkel
  - Tremolo
  - Skielike *sfz*
  - Aanvangs-arpeggios
  - Crescendos en decrescendos
  - Speeltegnieke: Vuurpyl- en sugmotiewe

*Enige VYF korrekte feite*
*Maksimum van 2 punte vir uitvoeringstegnieke = 5 punte* **[5]**

## VRAAG 9

**Instrumentasie**
- Vermeerder die aantal instrumente in die orkes
- Gebruik van timpani is meer vir dramatiese effek eerder as harmoniese versterking
- Piccolo verskaf kleur aan die opwinding en spanning
- Trombone verskaf intensiteit en krag aan die kleur en omvang

**Dinamiek**
- Groter omvang en uiterstes van dinamiek word gebruik (*pp* – *ff*)
  - *ff* in tremolo's van strykerpassasies
  - *pp* strykerpassasie aan die einde van die simfonie
- Skielike veranderinge in dinamiese vlak vir dramatiese effek bv. *fortepiano fp*
- Meervoudige aanwending van aksente (*sf*) en klimakse
- Uitgebreide gebruik van crescendi en decrescendi in opeenvolgende vlae
- Uitgebreide orkestrasie om groter dinamiese moontlikhede daar te stel

*Enige VYF feite mits dinamiek en instrumentasie ingesluit is = 5 punte*
*(Maksimum van 4 punte indien een aspek uitgelaat word)*

**[5]**

## VRAAG 10

**Antwoord:**
**Oorsprong**
- Komponeer a.g.v. 'n besoek aan Skotland – die Hebrides-eilande
- Geïnspireer deur Fingal se Grot en die omliggende seelandskap, selfs sketse van die eiland gemaak
- 'n Bootrit na die grot het 'n groot indruk op hom gemaak
- Hy skryf in 'n brief aan sy suster waarin hy sy emosionele ervaring beskryf
- Voltooi in 1830 (The Lonely Island), hersien en hernoem in 1833

*Enige DRIE korrekte feite = 3 punte*

**Beskrywing van komposisie**
**Vorm**
- Konsert-ouverture
- 'n Losstaande, enkeldelige werk
- Sonatevorm OF Allegro-Sonatevorm
  - Uiteensetting: B mineur - D Majeur
  - Ontwikkeling: D Majeur
  - Heruiteensetting: begin in B mineur; sluit nuwe materiaal in die brug in; 2^de^ tema in B Majeur; uitgebreide Koda
- Die brugpassasies word grotendeels verleng

*Slegs 1 punt vir toonsoorte*
*Slegs 1 punt vir feite rondom die heruiteensetting*
*Enige DRIE korrekte feite = 3 punte*

**Instrumentasie/Orkestrasie**
- 'n Werk vir die standaard Klassieke orkes
- Innoverende orkestrasie wat nuwe kombinasies van toonkleure en stemming moontlik gemaak het (bv. gebruik van hoë pedaalpunte)
- Geen addisionele instrumente nie, anders as in meeste Romantiese orkeswerke
- Beide temas word deur die laer register instrumente gespeel (tjello, fagot, altviool)
- Vereis groter tegniese vaardigheid van die orkesspelers
- Instrumentasie/orkestrasie dra by tot atmosfeerskepping:
  - die ruising van die see word deur die tremolo in die strykers verklank
  - die breek van golwe word verklank deur sforzandi-akkoorde van die volle orkes
  - die deining van die see word verklank deur die openingstema gespeel deur die fagot, altviool en tjello

*Enige DRIE korrekte feite = 3 punte*

**Styl**
- Gebruik van chromatiek
- Uiterste dinamiese kontraste
- 'n Dramatiese simfoniese werk met programmatiese inhoud
- Tekstuur: Meestal homofonies
- Tempo: Allegro moderato
- Tempo wisselinge – rubato
- Programmatiese aard – roep 'n beeld voor die gees maar vertel nie 'n storie nie

*Enige DRIE korrekte feite = 3 punte*

Logiese uiteensetting en struktuur van die opstel = *3 punte*

Die opstel sal aan die hand van die volgende riglyne nagesien word.

| **KRITERIA** | **PUNTETOEKENNING** | | |
|---|---|---|---|
| **Oorsprong** | *3 punte* | | 3 |
| **Vorm** | *3 punte* | | 3 |
| **Instrumentasie/ Orkestrasie** | *3 punte* | | 3 |
| **Styl** | *3 punte* | | 3 |
| **Logiese uiteensetting en struktuur van die opstel** | ***Uitstekend*** *'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed*** *'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 2–2½ punte* | |
| | ***Redelik*** *'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld*** *'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak*** *'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Nie aanvaarbaar*** *Feite puntsgewys aangebied* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | 15 |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: JAZZ

### VRAAG 11

11.1
- Trompet
- Saksofoon

*Enige korrekte antwoord = 1 punt* (1)

11.2
- Klawerbord/orrel
- Kitaar
- Baskitaar
- Tromstel

*Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte* (2)

11.3

| POPULÊRE LIEDVORM | BLUES-VORM |
|---|---|
| 32 mate | 12 mate (met lirieke in AAB vorm) |
| AABA vorm/Vers en refrein | Enkeldelige vorm |
| Diatoniese akkoordprogressie bv.<br>A: I-vi-IV-V<br>B: $V^7$/vi - $V^7$/ii - $V^7$/V - $V^7$ | $I^7$, $IV^7$ en $V^7$ in 'n 12-maat sikliese skema<br>(Alle akkoorde het 'n bygevoegde mineur 7^de^<br>$F^7$ (4 mate), $B^{b7}$ (2 mate), $F^7$(2 mate), $C^7$ (1 maat), $B^{b7}$ (1 maat), $F^7$ (2 mate) |
| Twee kontrasterende temas | Een tema |

*Enige TWEE korrekte verbandhoudende verskille 2 x 2 = 4 punte*
*Kandidate mag in tabelformaat antwoord* (4)

11.4 11.4.1 Improvisasie/"jamming" *1 punt* (1)

11.4.2
- 'Comping'
- Geïmproviseerde akkoordmatige begeleiding

*Korrekte feit = 1 punt*
*'Improvisasie' sal nie aanvaar word as 'n antwoord nie* (1)

11.4.3 Akkoordvervanging *1 punt* (1)
**[10]**

**VRAAG 12**

**Antwoord:**
**Karaktereienskappe**

- 'n Unieke vermenging van Afrika-jazz met ritmes en melodieë van die tradisionele vhaVenda en baPedi musiek
- Melodieë, perkussie en taal ontleen aan die baPedi en vhaVenda kulture
- Prominente gebruik van Afrika-poliritmes
- Afrika-ritmes word verskaf deur die bongo, malombo en meropa
- Liriese, swewende kitaar en fluit melodieë word ruim gebruik
- Vrye jazz-, blues- en rock-invloed uit Noord-Amerika
- Kitaarverwerkings en improvisatories style word geleen van musikante soos Wes Montgomery en John McLaughlin
- 12-maat blues-strukture word in party komposisies gebruik

*Enige VIER eienskappe = 4 punte*

**Kunstenaar/Groep**

- Philip Tabane
- Julian Bahula
- Malombo Men
- Malombo Jazz

*Enige EEN kunstenaar/groep = 1 punt* **[5]**

**VRAAG 13**

**Antwoord:**
**Marabi**

- Beide vokale en instrumentale musiek
- Primêr 'n klawerbordstyl
- Beïnvloed deur Duke Ellington (Afro-Amerikaanse vermenging)
- Ander instrumente: klavier, pedaalorrel, kitaar/banjo, baskitaar, perkussie en stem in 'n klein instrumentale ensemble
- Stem en klavier het 'n melodiese rol
- Liedere begin dikwels met 'n kort inleiding gespeel deur die kitaar of klavier

**Kwêla**

- Meestal instrumentale musiek
- Kitaar en banjo verskaf die buitelyne van die akkoordprogressie en die ritmiese voortstuwing
- Die kitaar speel 'n 'skiffle'-agtige ritme
- Penniefluit word dikwels as die leierinstrument gebruik (saksofoon later bygevoeg)
- Liedjies begin met 'n penniefluit-inleiding
- Penniefluit is as waarskuwingsteken gedurende die apartheidsera gebruik

*Enige VYF feite = 5 punte*
*Minus 1 punt vir geen paragraafformaat* **[5]**

**VRAAG 14**

**Abdullah Ibrahim**
**Melodie**

- Folk-agtige melodieë
- Gesangagtige/koraalmatige styl
- Ghoema/Kaap-Maleise eienskappe
- Modale melodieë
- Uitgebreide improvisatoriese styl
- Melodieë dikwels gerealiseer op die klavier

*Enige VIER korrekte feite = 4 punte*

**Relevante voorbeeld**

- *Mannenberg, Soweto is where it's at, Tsakwe (Royal Blue)*

*Enige korrekte voorbeeld = 1 punt* **[5]**

OF

**Robbie Jansen**
**Melodie**

- Folk-agtige melodieë
- Khoisan/Kaap-Maleiese melodieë verweef met Maleisiese/Indonesiese melismatiese style
- Saksofoonmelodie word geproduseer met 'n nasale toon en vibrato aan die einde van die frase
- Leiersaksofoonspeler (alt) speel meestal die melodie
- Uitgebreide improvisasie op al die instrumente, vermenging van verskillende style (eklekties)

*Enige VIER korrekte feite = 4 punte*

**Relevante voorbeeld**

- *Hoija Tjie Bonga, Tsakwe, Sommer Ghoema*

*Enige korrekte voorbeeld = 1 punt* **[5]**

OF

**Winston Mankunku Ngozi**
**Melodie**

- Leiersaksofoonspeler (tenoor) speel melodie
- Folk-agtige melodieë
- Khoi-Khoi- en San-melodieë word verweef
- Maleisiese en Indonesiese melismatiese style word verweef
- Uitgebreide improvisasie op al die instrumente, vermenging van verskillende style
- Roep en antwoord tussen die leiersaksofoonspeler en die ander instrumente

*Enige VIER korrekte feite = 4 punte*

**Relevante voorbeeld**

- *Abantwana be Afrika, Crossroads*

*Enige korrekte voorbeeld = 1 punt* **[5]**

**VRAAG 15**

**Redes vir populariteit:**
- Die uiters gewilde tradisionele Zulu Indlamu-dansritmes is prominent deel van mbaqanga en is daarom populêr. Die moderne styl, mbaqanga, is gebaseer op tradisionele musiek
- Die musiekstyl, mbaqanga, word geassosieer met die populêre stapelvoedsel, 'mieliebrood'
- Die vermenging van populêre Amerikaanse jazz-, mbube-, kwêla- en marabi-musiek veroorsaak dat meer mense deur die vermengde styl aangetrek word
- Die bekendstelling van Radio Bantu verseker dat baie musikante se musiek opgeneem en uitgesaai word
- Die 'gees van kompetisie' rondom die uitreik van 'n nuwe opname maak die styl populêr
- Een van die redes waarom die styl populêr geword het, is dat die musikante maklik en gou kon geldmaak

*Enige DRIE redes = 3 punte*

**Styleienskappe**
- Gebruik beide tradisionele en Westerse instrumente
- Vermeng tradisionele en Westerse musikale elemente
- Elektriese kitaar is baie belangrik in mbaqanga, bv. by Mahlathini and the Mahotella Queens
- Elektroniese orrel is meer belangrik in mbaqanga as in die voorafgaande style van die Soul Brothers
- Somtyds word dit eksklusief deur mans gesing: Soul Brothers
- Begin gewoonlik met 'n kort kitaarinleiding (of in die geval van die Soul Brothers, word die inleiding op 'n elektroniese orrel gespeel)
- Swaarvoetige baslyn en rock-maatslag is prominente eienskappe
- Akkoordprogressie I – IV – V – I siklus bo-oor 'n huppelende 8/8 ritme
- Musiek het 'n herhalende karakter
- Roep en antwoord tussen die leiersanger/kitaarspeler en die agtergrondsangers/groep

*Enige SEWE styleienskappe = 7 punte*

**Kunstenaar/Groep:**
- Mahlathini and the Mahotella Queens
- Soul Brothers
- The Cool Crooners
- Makgona Tsohle Band

*EnigeTWEE kunstenaars/groepe = 2 punte*

Die opstel sal aan die hand van die volgende riglyne nagesien word.

| **KRITERIA** | **PUNTETOEKENNING** | | |
|---|---|---|---|
| **Redes vir populariteit** | *1 punt vir elke korrekte feit x 3* | | 3 |
| **Styleienskappe** | *1 punt vir elke korrekte feit x 7* | | 7 |
| **Kunstenaars** | *1 punt vir elke korrekte feit x 2* | | 2 |
| **Logiese uiteensetting en struktuur van die opstel** | ***Uitstekend*** *'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed*** *'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 2 punte* | |
| | ***Redelik*** *'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld*** *'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak*** *'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Nie aanvaarbaar*** *Feite puntsgewys aangebied* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | 15 |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**OF**

## AFDELING E: INHEEMSE AFRIKAMUSIEK (IAM)

### VRAAG 16

16.1
- vhaVenda tromme
  - Mbila mutondo
  - Mbila dzamedza
  - Ngoma
- Tshikona pipes

*Enige TWEE instrumente = 2 punte* (2)

16.2 Fluit *1 punt* (1)

16.3
- Klawerbord/orrel
- Kitaar
- Baskitaar
- Tromstel

*Enige korrekte antwoord = 1 punt* (1)

16.4

| Indlamu | Mokhibo |
|---|---|
| amaZulu-dans | baSotho-dans |
| Vinnig en energiek | Kan matige tempo en kalm wees |
| Gebruik meestal die onderlyf en sluit voetstamp in | Gebruik meestal die bolyf en sluit die skud van die rug en skouers in |
| Uitgevoer deur die voete te gebruik | Kniel tydens uitvoering |

*Enige DRIE korrekte verbandhoudende verskille = 3 punte*
*Kandidate mag in tabelformaat antwoord* (3)

16.5 16.5.1 Ululasie *1 punt* (1)

16.5.2 Izibongo *1 punt* (1)

16.5.3 Chordofoon *1 punt* (1)

**[10]**

**VRAAG 17**

- Tradisionele elemente wat behou is:
  - Kiba-poliritmes
  - Altyd in Sepedi taal
  - Roep en antwoord tussen stemme en instrumente
  - Ululasie, krepitasie en vokale swewing
- Verandering wat aangebring is:
  - Moderne jazz-ritmes bygevoeg
  - Enige moderne instrumente (kitaar, klawerbord, tromstel) kan gebruik word
  - Enige Afrikataal kan gebruik word
  - Vrye kiba word opgeneem en verkoop vir finansiële gewin.

| | |
|---|---|
| *Enige TWEE feite verwant aan tradisionele elemente = 2 punte*<br>*Enige DRIE feite verwant aan getransformeerde elemente in die moderne styl = 3 punte* | *= 5 punte* |

**[5]**

**VRAAG 18**

- Hy skep die moderne weergawe van die malombo-styl
- Hy gebruik verskillende Afrikatale
- Hy vervang die oorspronklike rietfluit met 'n Westerse fluit
- Sikliese akkoordstruktuur word gebruik
- Roep en antwoord tussen stem en instrumente word dikwels gebruik
- Stemme, baskitaar, tromstel, inheemse tromme en skutters word gebruik

*Enige VYF korrekte feite = 5 punte* **[5]**

**VRAAG 19**

- Voorvaderaanbidding
  - Sekere liedere en danse bestaan uitsluitlik om met voorvadergeeste te kommunikeer, bv. by begrafnisse en troues
  - Sekere liedere en danse induseer 'n staat van beswyming waardeur kontak gemaak word
  - Deur musiek en dans word die hulp en seën van die voorvaders afgesmeek, bv. tydens inisiasie seremonies
  - Die deelname van die gemeenskap aan die musikale aktiwiteite dui dikwels die vreugde aan as die voorvadergeeste suksesvol gekontak is
- Tradisionele Helers (Sangomas)
  - Sangomas word die agente en geleiers van geestelikheid bv. 'Saane' en 'Leepo'
  - Sangomas sal die proses van kontak maak met die voorvadergeeste inisieer deur van oproepsang en pryspoësie gebruik te maak
  - Sangomas sal die gemeenskap/mense opsweep om deel te neem aan die seremonie
  - Sang, tromme en fluite word gebruik gedurende die geritualiseerde uitvoering om 'n band te skep tussen die aanbidders en die godheid

*Enige VYF korrekte feite = 5 punte* **[5]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 20**

**Speeltegniek op die kitaar**

- Ukuvamba-tegniek:
  - perkussiewe tokkel van akkoorde
- Ukupika tegniek:
  - 'n vingerpluk-styl
  - die duim speel die laer snare ('amadoda', die Zulu woord vir 'mans')
  - die ander vingers van die regterhand (hoofsaaklik die wysvinger) speel 'n melodie op die hoër snare ('amatombazane', die Zulu woord vir 'vroue')
- 'n Plektrum (genoem ikati) word dikwels gebruik

| *Enige DRIE korrekte feite = 3 punte* |
|---|

**Stem van die kitaar**

- Verskillende maskandi gebruik verskillende stemmings gebaseer op die spesifieke styl van die dans/lied
- Standaard maskanda-kitaarstemming word genoem die isiZulu-styl
  - Snare gestem as: EADGBD
- Isishameni-styl
  - Snare gestem as: DADABD
- Isichunu-styl
  - Snare gestem as: DADABD (soos in Isishameni)
- Isigeyane-styl
  - Gebruik isiZulu (standaard maskanda-stemming) maar met verskillend ritmiese patrone
- Isimandolini styl
  - Snare gestem as: EBBC$^{\#}$F$^{\#}$G$^{\#}$

| *Enige TWEE korrekte feite = 2 punte* |
|---|

**Sangstyl**

- Gebaseer op amahubo (gebruik die pentatoniese toonleer)
- Umaskanda melodie is 'n outentieke oorblyfsel van die Zulu amahubo musiek, die fondament van alle vokale Zulu-musiek
- Omvang van stemme is nie groot nie: tussen 'n 5$^{de}$ en 11$^{de}$
- Sangers wissel tussen sang en spraak
- Vokale glissandi of toonhoogtebuiging word gebruik
- Teks vir umaskanda musiek is in isiZulu
- Formele ontwerp van umaskanda musiek boots die vokale styl van Zulu-musiek na wat opsigself op die Zulu-taal baseer is
- Leier (roep) en agtergrondsangers (antwoord)

| *Enige VYF korrekte feite = 5 punte* |
|---|

**Izihlabo**

- 'n Instrumentale inleiding gebaseer op 'n dalende motief wat op die kitaar of konsertina gespeel word
- Bestaan uit kort, eksplosiewe motiewe
- Dit klink soos 'n 'geïmproviseerde klanktoets' om die stem van snare te toets
- Gebruik vrye ritme en metrum

| *Enige TWEE korrekte feite = 2 punte* |
|---|

Die opstel sal aan die hand van die volgende riglyne nagesien word.

<table>
<tr><th>KRITERIA</th><th colspan="3">PUNTETOEKENNING</th></tr>
<tr><td>Speeltegnieke op die kitaar</td><td colspan="2">1 punt vir elke korrekte feit x 3</td><td>3</td></tr>
<tr><td>Stem van die kitaar</td><td colspan="2">1 punt vir elke korrekte feit x 2</td><td>2</td></tr>
<tr><td>Sangstyl</td><td colspan="2">1 punt vir elke korrekte feit x 5</td><td>5</td></tr>
<tr><td>Izihlabo</td><td colspan="2">1 punt vir elke korrekte feit x 2</td><td>2</td></tr>
<tr><td rowspan="6">Logiese uiteensetting en struktuur van die opstel</td><td>Uitstekend<br>'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig</td><td>= 3 punte</td><td rowspan="6">3</td></tr>
<tr><td>Goed<br>'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig</td><td>= 2 punte</td></tr>
<tr><td>Redelik<br>'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig</td><td>= 1½ punte</td></tr>
<tr><td>Ondergemiddeld<br>'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig</td><td>= 1 punt</td></tr>
<tr><td>Swak<br>'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel</td><td>= ½ punt</td></tr>
<tr><td>Nie aanvaarbaar<br>Feite puntsgewys aangebied</td><td>= 0 punte</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td colspan="2"></td><td>15</td></tr>
</table>

**[15]**

**TOTAAL AFDELING E: 40**

**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou